**28 Augustus** **Skrifgedeelte: Genesis 37:12-36**
**Fokusgedeelte: Genesis 37:36**

**God se plan met jou sal slaag te midde van laagtepunte**

Josef het bly glo dat sy drome op ’n manier waar sou word. Die pad daarheen was egter vol terugslae en twyfel. Hy bereik sy laagtepunt van hoop toe hy onder in die put lê, maar juis daar, waar alles vir hom onmoontlik lyk, bring God ’n wonderlike uitkoms deur die handelaars uit Giliad. Hy word die hoof van die lyfwag in Potifar se paleis. Dit was die begin van God se segetog met Josef, wat later sou heers as onderkoning.

God het jou in Christus geroep om strydend te heers as Koningskind oor die sonde en om as ’n lig in ’n vyandige wêreld te skyn. Hierin voel ons soms asof ons ook in ’n put van verlorenheid lê, waar jou hoop op sy laagste punt is, en waar jy klein en onmagtig voel. Dan moet jy juis glo in God se beloftes aan jou. By Hom is alles moontlik. Staan op en vertrou Hom dat Hy jou met sy krag sal optel en in sy diens sal stel om groot hoogtes in sy koninkryk te bereik.

*Sing: Psalm 18:1, 18, 20* *Ds. LJ Buys (Rustenburg-Wes)*